

6 Mei

Skrifgedeelte: Matteus 11:25-30

Fokusgedeelte: Matteus 11:28-30

Is daar tyd en plek vir ontspanning?

Ja. Ons mag en moet ook ontspan. God het 'n siklus geskape wat ook rus insluit. Hy het gesorg dat dag deur nag opgevolg word. Voordat ons met ons tegnologie die nag ook in dag omskep het, was die nag normaalweg 'n tyd van rus. Ons weet elkeen uit ondervinding dat ons elke dag 'n nagrus nodig het, al is dit dan ook helder oordag.

Verder het God ook 'n siklus ingestel van ses dae werk en een dag rus. Hy het selfs verder gegaan en bepaal dat elke sewende jaar 'n rusjaar moes wees. Dan kon nie net die mens nie, maar ook die aarde rus deurdat daar daardie jaar nie gesaai is nie. Ons mag dus nie net rus nie, ons moet soms ook rus.

Die vraag is: Ontspan jy werklik wanneer jy rus? Het jy ook soms die hele week nodig om te herstel van die naweek? Baie mense ervaar dat hulle Maandagoggend moeër is as wat hulle Vrydagmiddag was. Daar is een baie belangrike goue reël om waarlik te kan ontspan, naamlik dat ons altyd binne die raamwerk van ons verhouding met God moet ontspan! Een van die grootste leuens van Satan is dat hy mense oortuig dat sonde ontvlugting bied. Besef jy dat die swaarste las wat enige mens in hierdie lewe kan dra, sonde is! Sonde is 'n ondraaglike las is wat mense moet maak. Jesus het gekom om ons van hierdie allesoorheersende las te kom bevry. Al ontken mense dit, sogenaamde ontspanning wat inhou dat jy sonde doen, sal nooit vir jou rus bring nie.

Jy mag en moet ontspan. Doen dit egter in antwoord op Christus se uitnodiging in verhouding met die lewende God. Dan sal jy ervaar dat jy waarlik rus vind!

Sing: Skrifberyming 18:5,6 Ds HB Hattingh (Amanzimtoti)